

### **Sing vooraf staande: Psalm 51:3, 5 (p. 261)**

- 3 Dis nie dié sonde<sup>o</sup>alleen wat roep om straf: / ek is in ongeregtheid gebore,  
en lê voor U in doemskuld gans verlore / al van die uur van my ontvang'nis af.  
U eis is waarheid in my binnest', HEER; / en ek is tot my wesensgrond toe skuldig!  
Daal af in my verborge diepte<sup>o</sup>en leer / my daar u wysheid, diep en menigvuldig.
- 5 Verberg u oog, die vlammelig wat oor / my sonde brand en speur deur al my lede.  
Was weg, delg uit my ongeregthede, / herskep my hart wat wedwing uit u spoor.  
Gee my opnuut, o HEER, 'n vaste gees, / dat ek nie só weer van u baan mag gly nie!  
Laat my voor U tog geen verstootling wees, /en neem u goeie Gees nie weg van my nie.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

### **Psalm 135:1, 11 (p. 655)**

- 1 Prys die Naam van onse HEER! / Hef tesaam die lofsang aan!  
Loof sy goedheid, gee Hom eer, / al wie in sy voorhof staan!  
Loof Hom by die heugenis / van sy Naam wat lieflik is.
- 11 Huis van Isr'el, loof die Heer! / Huis, van Aron, loof die Heer!  
Huis van Levi, loof die Heer! / Almal wat Hóm vrees en eer –  
laat dit klink op hoogste toon: / "Loof God wat in Sion woon!"

**Gebed**

### **Psalm 90:1, 2 (p. 454)**

- 1 U was, o HEER, vanaf die vroegste jare / vir ons 'n vlug- en skuilplek in gevare.  
Voordat die rotsgebergtes was gebore, / die aarde<sup>o</sup>uit niks geroep was, lank tevore –  
is U, o HEER, dieselfde God van mag, / onwankelbaar in wese en in krag.
- 2 Hoe nietig is die mens! Wat is sy lewe? / Wat hét die mens, al is hom veel gegewe?  
U knak die steel van sy geswinde jare, / en hy gaan heen net soos die najaarsblare.  
Want in u oog is duisend jare, HEER, / 'n enk'le dag, 'n nagwaak en niks meer.

**Skriflesing:** Romeine 5:12-21; 7:18-25; Nederlandse Geloofsbelydenis, Artikel 15

**Kernvers:** Romeine 5:12, 21

**Verder nog dit: Deur een mens het die sonde in die wêreld gekom en deur die sonde die dood, en so het die dood tot alle mense deur-gedring, omdat almal gesondig het.**

**Die doel was dat, soos die sonde deur die dood heerskappy gevoer het, die genade deur die vrypraak ook heerskappy kan voer en tot die ewige lewe kan lei deur Jesus Christus ons Here.**

(Romeine 5:12, 21 AFR83)

## **Nederlandse Geloofsbelydenis**

### **Artikel 15**

#### **Die erfsonde**

*Ons glo dat die erfsonde deur die ongehoorsaamheid van Adam oor die hele menslike geslag uitgebrei het. Dit is 'n verdorwenheid van die hele natuur en 'n oorgeërfde gebrek waarmee selfs die klein kindertjies in die moederskoot besmet is. Dit is hierdie wortel wat in die mens allerhande sondes laat uitspruit. Dit is daarom so afskuwelik en gruwelik voor God dat dit rede genoeg is om die*

*menslike geslag te verdoem. Dit word selfs nie deur die doop geheel en al tot niet gemaak of volkome uitgeroei nie, aangesien die sonde aanhoudend uit hierdie verdorwenheid opborrel soos water uit 'n giftige fontein. Dit word die kinders van God ewenwel nie tot verdoemenis toegereken nie maar deur sy genade en barmhartigheid vergewe. God vergewe nie sodat die gelowiges in die sonde gerus sou slaap nie, maar wel sodat die besef van hierdie verdorwenheid hulle dikwels sou laat sug in die verlange om van hierdie liggaam van die dood verlos te word. Ons verwerp hiermee die dwaling van die Pelagiane, wat sê dat hierdie sonde uit niks anders as uit navolging ontstaan nie.*

*Ps 51:7; Rom 3:10; Joh 3:6; Gen 6:3; Efes 2:5; Job 14:4; Rom 5:14; 7:18-19.*

**Tema:** Die sonde van een mens maak ons almal sondaars,  
die gehoorsaamheid van een Mens maak baie regverdig

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, toe ons die laaste keer by Artikel 14 stilgestaan het, het ons gehoor dat die mens na die sondeval glad nie meer iets soos 'n vrye wil het nie. Die vryheid wat die mens gehad het om God vrywillig te kon dien, het geheel en al verlore gegaan omdat die mens deur die sonde oorwin is. En dit waardeur 'n mens oorwin is, daarvan het die mens 'n slaaf geword, 'n slaaf van die sonde en die duiwel sodat ons nou net vrywillige onvryheid besit. Dit beteken dat alles wat ons self bedink en wil doen, is so met die sonde besmet dat 'n mens kan sê dat die gedagtes van die mens en sy daade met die duiwel se eie werke ooreenstem. Vrywillig wil ons in die onvryheid van slawebande bly.

As 'n mens dit gesê het, bring dit 'n mens noodwendig daarby uit om te vra: Maar hoe is dit met die mens gesteld? Wat is die geaardheid van die mensdom wat homself van God losgeskeur het? Ons vra doelbewus na die geaardheid van die mensdom, want dit was nie maar net 'n enkeling – Adam – wat die liefdevolle gesag van God van hom af losgeruk het nie. Die Here stel dit vir ons baie duidelik:

**Deur een mens het die sonde in die wêreld gekom en deur die sonde die dood, en so het die dood tot alle mense deurgedring, omdat almal gesondig het.**

(Romeine 5:12 AFR83)

Die hedendaagse mens – en dan veral ons Westerse mense – dink aan onself as enkelinge. Dit gaan vir ons mos meestal oor die *ek* en die *my*. Ek dink vir myself en jy moet my gevoelens in ag neem. Wat ek doen, het niks met jou of Jan of Piet te doen nie. En dit wat jy en Jan en Piet aanvang, het ook niks met my te doen nie. Elkeen woel homself lekker knus toe in sy eie gemaklike en veilige wêreldjie. Ander mense het niks met my hartseer en worsteling en lewe te doen nie en wat 'n ander mens aanvang in sy lewe en met sy lewe het ook niks met my te doen nie. So wil ons almal graag lewe, want dit verg nie van my energie nie. Ek kan al my krag en energie en tyd vir myself gebruik. Is dit nie ook iets wat soms tot oneer van die Here in sy kerk gebeur nie?

Die Heilige Gees stroop vanaand hierdie vermeende veiligheid en gemaklikheid van ons af wanneer Hy sê:

**Deur een mens het die sonde in die wêreld gekom en deur die sonde die dood, en so het die dood tot alle mense deurgedring, omdat almal gesondig het.**

(Romeine 5:12 AFR83)

Die Gees trek die skille van ons oë af om te sien en te verstaan; Hy haal ons vingers uit ons ore uit sodat ons kan hoor en begryp: God het die mens nie geskep om as enkeling maar te verstaan nie. Nadat God al die diere na Adam toe gebring het sodat hy aan hulle name kon gee, het Adam gesien dat hy niemand het wat by hom pas soos wat elkeen van die diere 'n maat het nie. En die Here het gesê: **Dit is nie goed dat die mens alleen is nie** (Genesis 2:18 AFR83). Daarom het God die vrou gemaak – iemand soos die man wat by hom pas.

Deurdat God die mens man en vrou geskep het en aan hulle die opdrag gegee het om te vermeerder, is dit tog duidelik dat God nie wil hê dat elke mens maar net op sy eie moet bestaan nie. Die Here sê dit self: **Dit is nie goed dat die mens alleen is nie** (Genesis 2:18 AFR83). Tussen mense is daar 'n samehorigheid omdat God dit so bepaal het. Hy het dit so beskik dat mense op mekaar aangewese is. 'n Mens moet ander mense hê om na jou om te sien en na wie jy kan omsien.

Vir die welsyn van elkeen van die man en die vrou en die kinders wat dan uit hulle gebore sou word, het die Here by die skepping bepaal dat die mense samehorig sal wees. En hierdie samehorigheid tussen mense kan nie verbreek word nie al doen ons wat ook al. Nou kan ons ook nie daarby verbykom nie – die samehorigheid van mense wat God bepaal het vir die welsyn van elke mens is deur die duiwel aangegryp.

Toe Adam en Eva op aansporing van die duiwel besluit het om die bande van God se liefdevolle gesag van hulle af los te ruk, het hulle nie net hulleself van God losgeskeur nie. Hulle optrede teenoor God het gevolge vir hulle kinders en uiteindelik vir alle mense gehad, want alle mense stam van Adam en Eva af. Hulle is ons eerste ouers. Ons is almal aan Adam en Eva verbonde omdat God dit so bepaal het.

In die stadium toe Adam en Eva die liefdevolle gesag van God van hulleself afgeruk het, het hulle dit nie as enkelinge gedoen nie. Adam tree as hoof van die mensdom op omdat hy die eerste mens is en voor God staan as die verantwoordelike persoon vir sy hele familie, die hele menslike geslag. Aangesien die duiwel ook geweet het dat Adam vir die hele mensdom voor God verantwoordelik staan, was sy bedoeling van die begin af om nie net vir Adam en Eva in sy kloue te kry nie. Hy wou van die begin af Adam se hele familie onder sy heerskappy kry. Toe Adam teen God oortree het, het die duiwel Adam se hele familie in sy mag gekry.

Sonde, geliefdes, is die maaksel van die duiwel self. Soos die duiwel is, so is die sonde ook. Die duiwel was nie tevrede om net vir Adam en Eva te kry nie. Die sonde is ook nie tevrede om net in een mens te wees nie. Dit wil altyd verder en altyd meer hê. Daarom het die sonde ook nie tot Adam en Eva beperk gebly nie. Sonde het altyd 'n onversadigbare honger na nog 'n mens.

Deur die een mens, Adam, het die sonde in die wêreld ingekom. As hoof van die hele menslike familie het Adam met sy oortreding van God se gebod gesê: Ek en my kinders sal en wil nie die Here dien nie. Ek en my kinders wil in opstand teen God leef. Eintlik, geliefdes, was Adam se oortreding 'n oorlogsverklaring teen God. En van daardie oomblik af is Adam 'n vyand van God, maar ook sy kinders – alle mense wat uit hom en Eva gebore is.

Ons kan Adam se optrede vergelyk met dié van 'n staatshoof. Wanneer die staatshoof van land A in sy hoedanigheid as hoof van die land oorlog verklaar teen land B, dan is elke burger – klein en groot, oud en jonk – van daardie oomblik af 'n vyand van die hele land B. Of jy nou as burger van land A saamstem met die oorlogsverklaring of nie, jy is 'n vyand van land B. Dit beteken ook dat land B se owerheid met jou sal kan doen wat hulle goeie vind om met hulle vyand te doen.

Of ons, die kinders van Adam nou self die gebod van die Here oortree het, maak nie saak nie. Adam het as verantwoordelike vir ons voor die Here gestaan en oortree.

**Deur een mens het die sonde in die wêreld gekom en deur die sonde die dood, en so het die dood tot alle mense deurgedring, omdat almal gesondig het.**  
(Romeine 5:12 AFR83)

Adam het ons almal voor God verteenwoordig, omdat ons deur God se bepaling aan hom verbonde

is. Toe Adam teen God oortree het, het ons saam met hom teen God oortree. Saam met Adam staan elkeen van ons skuldig net soos wat Adam skuldig is teenoor die Here. Ons is vyande van God net soos Adam 'n vyand van God geword het – almal het gesondig.

Broers, susters en kinders, wanneer 'n mens een maal iets lekkers geproe het, wil 'n mens dit altyd hê. Net so en net baie erger is die sonde. Toe die sonde deur daardie eerste oortreding van Adam 'n vatplek op hom en Eva gekry het, was dit verby. Al het Adam en Eva nie weer dieselfde gedoen as die eerste keer nie, was daar nou in hulle die geaardheid om teen God in opstand te kom en so te lewe. Hulle het mos nou nie meer 'n vrye wil gehad nie; hulle het slawe van die sonde en die duiwel geword.

En omdat die sonde nie net met ons eerste ouers tevrede was nie, het dit die vermoë om homself uit te brei om ook Adam-hulle se kinders en alle mense na hulle outomaties te infekteer. Soos wat Kain en Abel die kleur van hulle hare en oë en karaktereenskappe van Adam en Eva oorgeërf het, het hulle ook die geaardheid om sonde te doen en vyande van God te wees van Adam en Eva oorgeërf. Al die mense wat ná Kain en later na Set gekom het, dit wil sê alle mense, erf dan nie net die gelaatstrekke van hulle ouers nie maar ook hierdie geaardheid tot sonde en vyandskap teen God.

As bewys daarvan dat die geaardheid om sonde te doen in elke nakomeling van Adam van voor hulle geboorte af in hulle is, sê die Heilige Gees: **deur die sonde het die dood gekom, en so het die dood tot alle mense deurgedring** (Romeine 5:12 AFR83). Die dood van die mens as straf op die sonde het nie eers gekom toe God sy wet aan Moses gegee het nie. Die dood het van Adam af tot by Moses al heerskappy gevoer, ook oor mense wat nie gesondig het op dieselfde manier as waarop Adam oortree het nie. Almal het immers in Adam gesondig en as gevolg van die oorgeërfde geaardheid om sonde te wil doen, het hulle ook sonde gedoen.

Geliefdes, hierdie oorerwing van die geaardheid om sonde te doen en van die vyandskap teen God noem ons erfsonde. Dit is die verdorwenheid van die hele menslike natuur en die oorgeërfde gebrek waarmee selfs klein kindertjies in die moederskoot besmet is. Van die eerste asemteug af is die geneigdheid om sonde te doen reeds in 'n klein mensie. En uit hierdie geneigdheid sal allerhande sondes spruit. So outomaties as wat 'n mens van geboorte 'n sondaar is as gevolg van die erfsonde, so outomaties sal die sondige daede ook deur elke mens gedoen word.

In Romeine 7 is dit juis oor hierdie worsteling waarvan Paulus met soveel hartseer skryf. Selfs as 'n gelowige het hy steeds hierdie geneigdheid om verkeerd te doen. Hy neem homself voor om die goeie te doen. Maar as hy hom kom kry, het hy nie die goeie gedoen wat hy wou doen nie. In plaas van die goeie het hy sommer outomaties die verkeerde gedoen.

Hiermee worstel en stry ons almal. Hoeveel keer het jy jouself al voorgeneem om vandag nie kwaad te word en verkeerde dinge te sê nie. En as jy teen die aand terugdink oor die dag wat verby is, kom jy agter dat daardie goeie voornemens van jou soos mis voor die son verdwyn het. Daar het net mooi niks van gekom nie, want sonder enige inspanning het die verkeerde optrede sommer outomaties uit jou sondige geaardheid na vore gekom.

Geliefde broer, suster en kind, as die Heilige Gees jou vanaand gelei het om saam met Paulus te besef dat jy reeds oor hierdie oorgeërfde geaardheid skuldig staan voor God, het jy al 'n ent gevorder. En as jy ook tot die besef gekom het dat erfsonde reeds rede genoeg is dat jy die ewige dood kan ontvang, het jy maar nog net halfpad gevorder in jou kennis van die sonde.

In Romeine 5 spreek die Heilige Gees verdoemende woorde. Ja, Hy sê eerlik hoe dit met die mens gesteld is. Hy maak aan ons duidelik watter geaardheid ons van nature het. Maar Hy gaan verder en verkondig die genade van Jesus Christus aan ons.

Soos die sonde deur die dood heerskappy gevoer het, voer die genade deur die vryspraak ook heerskappy. En hierdie heerskappy lei tot die ewige lewe deur Jesus Christus ons Here. Omdat die mens nie self die slawebande van die sonde en duiwel van hom kan losmaak nie, het God dit deur sy Seun vir ons kom doen.

As klein babatjie het ons Here Jesus uit die maagd Maria in hierdie wêreld ingekom. As sondeloos Mens is Hy gebore terwyl Hy verder in alles aan ons gelyk geword het. Met sy heilige en volmaakte lewe bedek Hy ons sondige lewe van ons geboorte af voor God se oë. Omdat ons van kleins af reeds die geaardheid het om sonde te doen, moet Jesus se volmaakte lewe as klein babatjie my en jou onvolmaakte lewe voor God se oë kom bedek.

Maar hierdie vernedering van Jesus Christus die Seun van God was nog nie klaar nie. Ons onvolmaaktheid moet nie net voor God bedek word nie. As ons voor God moet verskyn, soos God dit ook wil hê, moet die onvolmaaktheid en alle gebreke geheel en al weggeneem word. Daarom verneder Jesus Christus Hom nog verder tot in die dood – die dood aan die kruis. Met sy heilige lewe bedek Hy nie net ons onvolmaakte lewe geheel en al nie; met sy kosbare bloed was die Heilige Gees die sonde van ons af. Sy kosbare bloed is dan ook die betaling vir daardie erfsonde wat ons al van voor ons geboorte in ons het.

Deurdad die Heilige Gees aan ons wedergeboorte skenk, word ons in die familie van Christus gebore. Maar nou is die genade deur die vryspraak wat ons verkry baie oorvloediger as wat ons ooit kan reken. As ons in die familie van Christus, ons nuwe Hoof, gebore word, word ons nie maar teruggeplaas in die oorspronklike toestand wat Adam en Eva voor die sondeval gehad het nie. Christus se sterwe aan die kruis en opstanding uit die dood plaas ons reeds in die ewige lewe. Voor die sondeval moes Adam nog die ewige lewe verkry deur gehoorsaam te wees aan God. Christus is in ons plek volmaak gehoorsaam aan sy Vader, en deur die geloof skenk die Heilige Gees hierdie gehoorsaamheid aan ons sodat nou reeds die ewige lewe kan hê.

Tog voel die werklikheid van die ewige lewe vir ons steeds nog so ver omdat ons elke dag die stryd beleef waarvan Paulus in Romeine 7 skryf. Daarom, as ons hoor dat Christus se bloed ook vir ons erfsonde betaal het, gaan rus ons nie nou maar in die sonde nie. Ons sug in verlanse en streef met volharding om deur die krag van die Heilige Gees die sondige aard elke dag meer en meer af te sterf. Daarmee hou ons aan tot die dag dat ons die sonde finaal kan afsterf.

Geliefdes, wie nog nie verstaan hoe die mens regtig sonder God is nie, wie nog nie begrip van die erfsonde het nie, sal ook nie die oorvloedige rykdom van die vryspraak deur Jesus Christus kan begryp nie. Die verlossing deur Christus sal vir so 'n mens maar net 'n vernislagie wees en niks meer nie. Eers wanneer ons die droefheid oor die erfsonde in ons hart gevoel het, soos God wil hê ons moet voel, sal die rykdom van Jesus Christus se werk ons hart kan vol maak met vreugde en blydschap in Hom. Dan gaan dit ook voor ons oop hoe afhanklik ander mense van jou is en jy van ander mense omdat God ons op mekaar aangewese gemaak het.

**Amen!**

Slotgebed

Skrifberyming 5-2:8, 9 (7:8, 9)

- 8 Het eers sy offerbloed gevloei, / dan sal vir Hom 'n nakroos bloei,  
en eeu-omvattend bring sy hand / Gods werk voorspoediglik tot stand.  
Hy sal, vir al sy sielsverdriet, / sy werk aanskou en vol geniet,  
en deur sy suiwer kennislig / regverdig maak en vryheid stig.

9 Dan kom 'n leërskaar hierna / vir wie Hy al die skuld wou dra;  
en aan Hom word mét grotes mee, / mét magtiges 'n deel gegee,  
omdat sy siel in lydensnood / vol uitgestort is in die dood,  
en Hy, deur smaadheid diep gekwel, / by die oortreders is gestel.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

**Amen.**

Ds Coenraad Vrey  
Gereformeerde Kerk Bellville  
25 November 2012